9/2/258/5/8

Mev Slabbert

1993-06-23

Mnr D J Steenkamp
Eastwoodstraat 145
**EASTWOOD**
0038

Meneer

**ERF 14 EASTWOOD, EASTWOODSTRAAT 145, EASTWOOD, PRETORIA**

1. U aansoek gedateer 1993-05-28 aan die Noord-Transvaalse Plannekomitee van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het betrekking.

2. Die aansoek is deur lede van die Plannekomitee bespreek en die planne en fotos is bestudeer.

3. Die volgende besluite is geneem:
   - dat die aanbou van 'n eerste verdieping op die bestaande motorhuis goedgekeur word sonder wysiging,
   - wat die aanbring van 'n nuwe Portico betref is daar gevoel dat die bestaande afdak in sy konteks tog belangrik is omdat die ander siersteen in die gebou herhaal word in die pilaartjies van die afdak. Die voorstel is toe gemaak dat 'n Portico soos dié wat gereeld voor hotelle aangetref word bo-oor die bestaande afdak aangebring word.

4. Hiermee saam die goedgekeurde planne.

Die uwe

STREEKBESTUURDER TRANSVAAL

TL02f008.wpf

44

RNG304/A

# RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

9/2/058/5/8

## AANSOEK

kragtens regulasies gepubliseer in Staatskoerant No. 13991 gedateer 22 Mei 1992, No. 14314 gedateer 28 September 1992 en No. 14335 gedateer 16 Oktober 1992

## OM 'N GEDENKWAARDIGHEID OF 'N GESKIEDKUNDIGE TERREIN TE VERNIETIG, TE BESKADIG, UIT TE GRAWE, TE VERANDER OF VAN SY OORSPRONKLIKE LIGGING TE VERWYDER

Aansoekers word versoek om die volgende toepaslike afdelings van die vorm AANSOEK OM PERMITTE, Vorm 1: Regulasie 3(a) te voltooi en die vorm te teken (dui asseblief voltooide afdelings met 'n kruisie in die blokkies hieronder aan):

Alle applikante: Afdelings 1☐ 2☐ 4☐ 9☐ 10☐ 11☐ 12☐

Waar toepaslik: Afdelings 13☐ 14☐ 17(a)☐ 18☐ 19☐

Verdere besonderhede moet verstrek word op die vorm RNG301: AANSOEK AAN PLANNEKOMITEE, wat volledig ingevul moet word.

### AANSOEK OM PERMITTE
Vorm 1: Regulasie 3(a)

AANSOEK OM 'N GEDENKWAARDIGHEID, OF ENIGE METEORIET, FOSSIEL, TEKENING OF SKILDERY OP KLIP, ROTSGRAVERING, WERKTUIG, ORNAMENT, STRUKTUUR, DIE ANTROPOLOGIESE OF ARGEOLOGIESE INHOUD VAN GRAFTE, GROTTE, ROTSSKUILINGS, PUINHOPE, SKULPHOPE OF ANDER PLEKKE, ENIGE ANDER GESKIEDKUNDIGE TERREIN, ARGEOLOGIESE OF PALEONTOLOGIESE VONDSE, MATERIAAL OF VOORWERP BEDOEL IN ARTIKEL 12(2A) VAN DIE WET, TE VERNIETIG, TE BESKADIG, UIT TE GRAWE, TE VERANDER, VAN SY OORSPRONKLIKE LIGGING TE VERWYDER OF UIT DIE REPUBLIEK UIT TE VOER.

✓1. Naam en adres van applikant: ..............................

✓2. In geval van 'n maatskappy of inrigting: Naam van die persoon wat die werk sal uitvoer: ..............................

✓3. Akademiese kwalifikasies van persoon wat die werk sal uitvoer: ..............................

✓4. Adres en telefoonnommer van persoon wat die werk sal uitvoer: ..............................

5. Vorige ondervinding van persoon wat die werk sal uitvoer in verband met die aangeleentheid waarvoor die permit gevra word: ..............................

6. Naam en adres van minstens een persoon wat as referent kan dien, d.w.s. 'n gekwalifiseerde argeoloog of paleontoloog: ..............................

7. Naam en adres van die wetenskaplike inrigting in die Republiek met wie die applikant saamwerk: ..............................

8. In die geval van uitgrawing of verwydering: Suid-Afrikaanse wetenskaplike inrigting wat die applikant aandui vir die huisvesting van herwonne materiaal en alle dokumente wat daarop betrekking het: ..............................

9. Doel van aansoek (dui aan met 'n kruisie in toepaslike ruimte(s) hieronder):

☐ Vernietiging ☐ Beskadiging ☐ Uitgrawing ☒ Verandering

☐ Verwydering van oorspronklike ligging

☐ Tydelike uitvoer uit die Republiek ☐ Permanente uitvoer uit die Republiek

10(a) Voorwerpe by aansoek betrokke (dui aan met 'n kruisie in toepaslike ruimte(s) hieronder):

☐ Gedenkwaardigheid ☐ Struktuur ☒ Ander geskiedkundige terrein ☐ Meteoriet ☐ Fossiel

☐ Tekening op klip ☐ Skildery op klip ☐ Rotsgravure ☐ Werktuig of Ornament

☐ Argeologiese of Paleontologiese vondse ☐ Materiaal of voorwerp bedoel in artikel 12(2A) van die Wet

☐ Antropologiese of argeologiese inhoud van grafte, grotte, rotsskuilings, puinhope, skulphope, of ander plekke

10(b) Vindplek van voorwerp (dui aan met 'n kruisie in toepaslike ruimte(s) hieronder):

☐ Graf ☐ Grot ☐ Rotsskuiling ☐ Puinhoop

☐ Skulphoop ☐ Ander geskiedkundige terrein ☐ Ander*

* Verstrek besonderhede op 'n aparte vel papier.

11. Aardrykskundige ligging van voorwerp: Erf no 308 Eastwood (str 145)

12. Indien voorwerp 'n nasionale gedenkwaardigheid is, nommer en datum van kennisgewing in *Staatskoerant* ..............................

### Vernietig of Beskadig

13. Dui aan rede vir vernietiging:

☐ Wetenskaplike doel* ☐ Gesondheidsredes* ☐ Gevaarlike toestand* ☐ Ander*

* Verstrek besonderhede op 'n aparte vel papier.

### Uitgrawing

14. Redes vir uitgrawing: ..............................

15. In die geval van fossiel, dui taksonomiese verband aan: ..............................

16. In die geval van 'n meteoriet, dui samestelling met 'n kruisie aan, t.w.:

☐ Metaal ☐ Metaalsteen ☐ Steen

### Verwydering

17(a) Doel van verwyder ..........

..........

17(b) In die geval van 'n tekening of skildery op klip of 'n rotsgravering, dui getal klippe of rotse aan en hoeveel tekeninge, skilderye en graverings op elkeen voorkom: ..........

### Verandering

18. Dui rede vir verandering met 'n kruisie aan:

☐ Wetenskaplik* ☐ Toestand van voorwerp* ☒ Restourasie of instandhouding* ☐ Ander*

* Verstrek besonderhede op 'n aparte vel papier.

19. Dui aan op watter wyse die verandering aangebring sal word:

2e verdieping op motorhuis. Geen strukturele verandering aan bestaande gebou.

### Tydelike uitvoer

20. Naam en adres van inrigting waarheen voorwerp tydelik uitgevoer sal word: ..........

21. Doel van tydelike uitvoer (dui met 'n kruisie aan):

☐ Identifikasie* ☐ Demonstrasie* ☐ Studie* ☐ Vertoning*

* Verstrek besonderhede op 'n aparte vel papier.

22. Hoe lank sal die voorwerp in die buiteland bly? (Meld presiese datums):

Van .......... tot ..........

23. Naam en adres van wetenskaplike inrigting wat sal waarborg dat die voorwerp na die Republiek teruggebring sal word: ..........
(Heg die skriftelike onderneming van die betrokke inrigting aan.)

24. Verstrek die volgende besonderhede op 'n aparte vel papier:

(a) Paleontologiese voorwerp:
- (i) Taksonomiese naam.
- (ii) Gedeeltes van geraamte (d.w.s. skedel, tand, ens.).
- (iii) Plaas en distrik van oorsprong.
- (iv) Stratigrafiese horison.
- (v) Toestand van voorwerp.
- (vi) Verwysings (indien beskryf).

(b) Argeologiese of antropologiese voorwerp:
- (i) Getal en aard van voorwerpe.
- (ii) Plaas en distrik van oorsprong.
- (iii) Oorspronklike geologiese of argeologiese verband.
- (iv) Toestand van voorwerp.
- (v) Verwysings (indien beskryf).

25. In die geval van studie-, identifikasie- of demonstrasiedoeleindes, verstrek die naam en adres van navorser of dosent: ..........

### Permanente uitvoer

26. Rede vir permanente uitvoer: ..........

27. Naam en adres van inrigting waarheen voorwerp permanent uitgevoer sal word: ..........

28. Meld watter wetenskaplike inrigtings in die Republiek soortgelyke eksemplare huisves: ..........

Ek, LB Steenkamp, onderneem om my stiptelik te hou aan die bedinge, voorwaardes, beperkings, verordeninge en voorskrifte waarkragtens die Raad die permit mag uitreik.

(8)

RNG301A

| RNG VERWYSING |
| --- |
| |

# RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

## AANSOEK AAN PLANNEKOMITEE

Voordat u u aansoek indien, verwys na die RNG se "Riglyne vir die opstel van voorleggings vir die Plannekomitee" (beskikbaar by u Streekverteenwoordiger).

☒ MAAK 'N KRUISIE TEENOOR DIE TOEPASLIKE ITEMS

Die ondergetekende doen hiermee aansoek:-

1. om 'n permit ingevolge Artikel 12(4) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet 28 van 1969, soos gewysig) om die betrokke

☐ a) NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

☒ b) HISTORIESE TERREIN

te vernietig, te beskadig, op te grawe, of op enige wyse te verander; of

2. om ingevolge Artikel 12(1A) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet 28 van 1969, soos gewysig) met die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede oorleg te pleeg ten opsigte van beplanning waar dit onroerende eiendom in

☐ a) DIE NASIONALE REGISTER VAN BEWARENSWAARDIGE EIENDOMME

☐ b) 'N BEWARINGSGEBIED

raak

en verklaar dat die inligting hierin verskaf tot die beste van sy/haar kennis korrek is.

### EIENDOM

NAAM VAN EIENDOM ..........

GELEë TE 145 Eastwoodstraat
Deel 308 Eastwood, Elandspoort 357 JR

ERF/PLAAS NO. 4 LANDDROSDISTRIK Eastw

HUIDIGE GEBRUIK Woonhuis

### VOORGENOME WERK

**A. OMVATTENDE VERANDERINGE, AANBOUSELS, NUWE STRUKTURE, RESTOURASIE**

- ☒ Bykomende struktuur/nuwe gebou
- ☒ Aanbousel
- ☐ Strukturele verandering wat eksterne verandering tot gevolg het
- ☐ Interne verandering wat die planvorm of struktuur verander
- ☐ Restourasie/stylverandering

**B. KLEINWERKE**

- ☐ Verandering aan eksterne materiaal/afwerking
- ☒ Toevoeging/verwydering van kenmerk, bv. sonskerms, priële
- ☐ Interne verandering wat nie die planvorm of struktuur verander nie
- ☐ Eksterne verandering wat nie die planvorm of struktuur verander nie
- ☐ Naamborde, uithangborde, ens.
- ☐ Installering van toerusting, bv. lugversorging, diefwering

**C. TERREINWERKE EN HERSKEPPING VAN DIE LANDSKAP/TUINUITLEG**

- ☐ Uitgrawings
- ☐ Verandering van vlak
- ☐ Heruitleg van die terrein/tuinuitleg
- ☐ Verandering van grensmuur/heining/hek

**D. SLOPING**

- ☐ Algeheel
- ☐ Gedeeltelik

**E. ANDER**

- ☒ Verandering van gebruik/hersonering
- ☐ Onderverdeling

## MOTIVERING

Wooneenheid word op bestaande motorhuis gebou.
Geen interne/strukt. veranderinge aan oorspronklike woonhuis. Verleng Portico (best)

## VOORLEGGINGSVEREISTES

1. Maak 'n kruisie in die blokkies hieronder wat met die letter gemerk is wat toepaslik op u aansoek is (sien bladsy teenoor) om aan te dui dat u die betrokke dokumentasie voorgelê het.
2. Indien die vereistes nie op u aansoek van toepassing is nie (bv. indien die kleinwerke nie veranderinge aan vensters en deure behels nie), moet u die NVT-kolom (nie van toepassing) merk.
3. Die grys blokkies wat in donker omlyn is ☐, dui die noodsaaklikheid van die dokumentasie aan en daarsonder sal u voorlegging nie aanvaar word nie.
4. Maak seker dat u voorleging volledig is ten einde 'n vertraging in die oorweging van u aansoek te voorkom.
5. Die hoeveelheid inligting wat van u vereis word, mag verskil, afhangend van die belangrikheid van die struktuur en die omvang van die beoogde werk.
6. Bykomende dokumentasie mag aangevra word.

| LYS VAN VEREISTES | OMVATTENDE WERK | KLEINWERK | TERREINWERK | SLOPING | ONDERVERDELING | NVT | KANTOORDOELEINDES |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. TERREINPLAN ✓ | A | B | C | D | E | | |
| 2A. GRONDPLANNE ✓ | A | B | | | | | |
| 2B. AANSIGTE ✓ | A | B | | | | | |
| 2C. SNITTE | A | B | C | | | | |
| 3. SKAALPLAN VAN BESTAANDE STRUKTUUR/STRUKTURE | A | | | | | | |
| 4. FOTO'S VAN BESTAANDE STRUKTUUR/STRUKTURE alle fasades | A | B | C | D | E | | |
| 5. HISTORIESE VERSLAG | A | | C | | | | |
| 6. ARGITEKTONIESE VERSLAG | A | | | D | | | |
| 7. DEUR- EN VENSTERSKEDULE EN -DETAILS | A | B | | | | | |
| 8. LANDMETERSDIAGRAM | | | | | E | | |

## EIENAAR VAN EIENDOM

NAAM: DJ Steenkamp

ADRES: 145 Eastwoodstraat
Eastwood

POSKODE: 0038 TELEFOON: 433711 (H)
322-8433 x 205 (W)

HANDTEKENING: LB Steenkamp DATUM: 1993-05-28

In geval van 'n maatskappy of instelling, meld asb. die naam van die persoon wat verantwoordelik sal wees vir die voorgestelde werk:

NAAM ..................

HOEDANIGHEID ..................

TELEFOON ..................

## ARGITEK/ONTWERPER

NAAM ..................

ADRES ..................

POSKODE .................. TELEFOON ..................(W)

HANDTEKENING .................. DATUM ..................

## AANSOEKER (waar dit nie die eienaar is nie)

NAAM ..................

ADRES ..................

POSKODE .................. TELEFOON ..................(W)

HANDTEKENING .................. DATUM ..................

LET WEL: INGEVOLGE ARTIKEL 16(b) VAN DIE WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE WORD ENIGE VALSE VERKLARING OF VOORSTELLING IN HIERDIE AANSOEK AS 'N OORTREDING BESKOU.